

## **Publieke inspraak verordening**

### **Uiteensetting vir 'n nuwe Stads deelneming bywet, Kaapstad**

#### **Agtergrond:**

Op 17 Augustus 2017, het ses munisipale verenigings, byeengekom om die vooruitsig van 'n Stadsgekeurde Regulasie, te hersien.

Die vergadering was aangevra weens volhoudende probleme met plaaslike bestuur; die partye was ontevrede, en dit het negatief geïmpakteer op vertroue in die demokraties proses om gemeenskappe meer inspraak te gee in rakende besluite.

Die inisiatief beoog 'n pro-aktiewe benadering deur een gemeentelike bywet wat bepalings vir deelneming aan stad-siviele interaksies uitlê, om gevolglik meer insiggewende en meer relevante deelneming te bewerkstellig en tot stand te bring.

Ons beskou dus hierdie Verordening as 'n burgerlike gedrewe inisiatief om deelnemings prosesse te konsolideer as deel van demokratiese bestuur in een Stad omls as 'n "Commune".

Dit sal gebaseer word op ons grondwetlike beginsels en sal duidelike aanwysings aan staatsamptenare verskaf oor hoe om publieke deelname na te streef. Hoe ons die eindresultaat behaal en watter vorm die finale uitkoms aanneem, sal bepaal word deur die personeel wie hierdie proses bestuur.

Dus was dit belangriker om aanvanklik die proses aan die gang te sit sodat deelnemers die detail bepaal soos hul vooruitgaan.

Op 9 September 2017 was die eerste werkswinkel, bygewoon deur 20 deelnemers uit 11 owerhede, burgersentrums; deelnemers was gebreinstorm vir doelwitte om die deelneming proses vorentoe te begelei.

Die manifes word in hierdie dokument aangebied as 'n reeks agendapunte, gerig op wat ons graag wil sien in 'n toekomstige deelnemings bywet. Die voorstelling is dat ons 'n reeks werksinkels met 'n breër burgerlike verkiesing hou,

ondersteun deur betekenisvolle navorsing, asook ingelig en touwys gemaak word deur stabiele regsadvies om hierdie dokument as 'n manifes te ontwikkel.

Dit sal ons in staat stel om stadsbeampies te benader wie miskien aan hierdie voorstel kan voldoen asook om gebruik te maak van ander beskikbare hulpbronne.

Die Ontwikkelingsaksiegroep (DAG) het byvoorbeeld, hul bereidwilligheid getoon om die inisiatief te ondersteun waar moontlik en ons sal poog om van ander waardevolle navorsing- en regsondersteuning gebruik te maak.

Hierdie manifes is dus 'n uitnodiging aan die Stad Kaapstad om 'n deelnemings bywet te formuleer gebaseer op die volgende beginsels.

## **A. ALGEMENE UITEENSETTING VAN BEGINSELS**

Deelneming is 'n basiese mensereg en instrumenteel in vasstelling van ander menseregte. Ons Grondwet beklemtoon die belangrikheid van betekenisvolle deelneming deur die publiek wie beïnvloed word deur sodanige besluite.

Dis belangrik om die Stad as 'n gemeenskapshuis (“huis van commons”), te erken. Die vernaamste funksie van die Stad is om 'n gemeenskapstoor huis' te wees, waar gemeenskapslewe gebou word en waar verkillende behoeftes en belange van burgers en groepe bespreek en vergelyk word en waar konflik beheer word – 'n proses wat 'n integrale deel van gemeenskapslewe van 'n stad is.

Die Stad se hoof funksie is om te verseker dat alle burgers, inwoners, gemeenskappe en sosiale dialek 'n raamwerk het waar geskille oor hulpbronne en agendas tussen sosiale groepe, in 'n gemeenskaplike ruimte en op 'n meer inklusiewe wyse gedoen word.

Individue moet werk binne sosiale sirkels om inklusiewe, aanvaarbare en merkbare ontwikkeling te verseker.

Die konsep van Ubuntu bepaal dat ons is wie ons is deur ons optrede en bemiddeling met ander.

Daar behoort 'n munisipale stelsel te wees wat toelaat dat besluit deelneming verenigbaar is met die grondwetlike imperatief, sodat dienslewering 'n weerkaatsing en produk sal wees van hoe konfrontasie oor hulpbronne en agendas binne die Stad gedoen word. Afhangend van hoe hierdie prosedure saamgestel is, mag dit lei tot groter sosiale kohesie en eendrag, of tot sosiale onreg en verdeling met toenemende frustrasie.

## **B. KAPASITEITSBOU**

Kapasiteitsbou is nodig om publieke deelneming te verseker. Om aan besluitneming deel te neem, moet die publiek die redes, moontlikhede, keuses, voorlopige veronderstellings en komponente in die besluitnemingsproses verstaan. Skoon kennisgewing is onvoldoende om publieke deelname te verseker.

'n Munisipale verordening moet standpunte bekendstel en 'n kapasiteitsbou program vir die publiek omskryf om vermoë om probleme uit te ken en deelneming en selfbeheer vaardighede te ontwikkel.

Die kapasiteitsbou program is nie alleenlik op die burger gemik nie, maar ook op stadsamptenare wie op gemeenskapsvlak betrokke is by besluitnemings wat gemeenskappe tref. Waar toepaslik, hoort hulpbronne, soos onderwysinrigtings betrek te word om kapasiteitsbou met 'n gepaste begroting te ondersteun.

Groter vermoë in gemeenskappe sal omsit word in meer doeltreffende wykslede, sterker burgerskap, groter verantwoordelikheid vir staatsamptenare en doeltreffende bemiddeling.

## **C. DIMENSIE VAN DEELNEMING**

Deelneming dek 'n baie breë omvang. Die verordening moet die verskillende soorte deelneming, asook die vlak van

betrokkenheid omskryf/verklaar.

Tipe/soort deelneming:

**a. Selfbeheer:** Die Munisipale Verordening moet die regte van die mense tot selfbeheer, uitwys, asook voorsiening maak vir tasbare oplossings en hulpbronne ten bevordering van die organisasie (bv. 'n kapasiteitsbou program).

Die bywet moet voorsien vir gebruikmaak van derde partye (bv. Vakkundiges) om gemeenskappe en amptenare te ondersteun. Daar behoort geen finansiële druk op gemeenskappe te wees nie, stadsamptenare behoort toegang te hê tot die dieselfde hulpbronne deur die benut van tarief- en belastingfondse. Dit moet Gemeenskapsoutonomie (selfbeheer) preserveer en politieke manipulasie afweer.

**b. Gemeenskaplike deelneming:** Deelneming vereis nie alleenlik die mening van lede van die publiek nie, dit neem ook in aanmerking die wyse waarop gemeenskappe georganiseer is (burgerlike assosiasies, vrywillige verenigings, NPOs, geloofsorganisasies, sport en kulturele organisasies, ens). Vir waardevolle deelneming aan besluitneming, moet die verordening beide individuele en kollektiewe vereistes ondersteun.

**c. Deelnemings raamwerk deur die wet bemagtig:** In sommige kontekste is daar instellings om gemeenskapsdeelneming te bewerkstellig (byvoorbeeld SBL's by skole, Gesondheidskomitees ingevolge die Nasionale Gesondheidswet, ens.). Die wetgewing moet hierdie statutêre raamwerk erken, met begrip van hoe hulle verkies is (bv. Deur middel van publieke uitnodiging/aanvraag) en spesifieke begroting vir die verrigting van die samestelling. Met betrekking tot Munisipale samestellings (bv. die Munisipale Beplanningstribunaal), moet die bylaag die kriteria/vereistes vir lidmaatskap en besluitneming bepaal om 'n verreikende deelnemende proses te bou.

**d. Siviele gesprekke:** Die verordening moet 'n raamwerk definieer wat die Stad vir openbare vergaderings met verskeie burgers, bv. 'n publieke-stadsforum of soortgelyke struktuur, stig – hetsy op stad, wyk- of sub-raad rang/vlak en die begroting verklaar tot bevordering van hul werkverrigtinge.

**e. e-Demokrasie:** Die internet en sosiale media kan 'n

belangrike rol speel in publieke deelneming op die internet, maar daar is die nadeel van uitsondering weens ongelyke toegang tot die internet.

Die verordening moet proefprojekte opstel om te bepaal hoe die internet en die sosiale media gebruik kan word ten bevordering van toegang tot inligting, raadpleging, ope dialoog en algemene publieke deelneming.

#### Vlakke deelneming

**1. Inligting (Kennisgewing):** Wanneer 'n Stad-aktiwiteit alleenlik informasie gee, is dit 'n kennisgewings proses. Die bywet moet die kriteria verskaf vir wanneer hierdie benadering aangedui word, die instansies waar hierdie benadering toepaslik is asook die kommunikasie instrumente en metodes wat toegepas moet word.

**2. Opinie/Konsultasie:** Wanneer die Stad op soek is na die publiek se mening, is dit 'n konsultatiewe aksie.

Die munisipale verordening moet die definisie van konsultasie en die soort gevalle spesifiseer waar van toepassing, met inbegrip van die modaliteite, tydlyne, hulpmiddels en inligtingsbronne wat aan die publiek beskikbaar gestel word om hierdie besluite te neem.

**3. Vennootskap (Medebestuur):** Siviele identiteite ontstaan in die proses van saamwerk deur kollektiewe inset, verkry deur van 'n besef van bemagtiging en invloed op besluite en prosesse. Die vennootskap projek vir publieke deelneming is 'n geleentheid vir die plaaslike munisipale owerheid en die publiek om saam 'n nuwe model vir doeltreffende publiekdeelneming, te ontwerp.

Op hierdie vlak is aktiwiteite voorbeelde van samewerking tussen openbare bestuur, publieke administrasie en die publiek om publieke hulpbronne te herbruik met die doel om die lewens standaard in stede te ontwikkel.

Om hierdie tipe deelneming te bewerkstellig, moet die bylae spesifieke administratiewe bystand vir 'n vennootskapsbenadering skep (in Italiaans word dit gedefinieer as 'n vennootsooreenkoms tussen owerhede en die burgers). Die hoofdoel is om samewerking tussen die publiek en die Stad te reguleer vir spesifieke stedelike gemeentes, aktiwiteite/projekte. 'n Plaaslike prototipe van

hierdie soort administratiewe bystand wat ondersoek kan word, is die MOU (Memorandum van Begrip/Ooreenkoms/Memorandum of Understanding) tussen die Stad en die Prinses Vlei Forum vir die ontwikkeling van die natuur reservaat rondom Prinses Vlei.

#### **D. DEURSIGTIGHEID, KOMMUNIKASIE, INLIGTING, KOHESIE EN AANSPREEKLIKHEID**

Die beginsels van deursigtigheid, kommunikasie, inligting, inklusiwiteit en aanspreeklikheid is almal onderling gekoppel en onderling afhanklik. Algehele data is nodig, soos beskryf in die goedgekeurde Doelstellings vir Volhoubare Ontwikkeling (DVO's).

Doeltreffende publieke deelneming vereis voorsiening van volledige inligting, met toeganklike en, basiese taalgebruik, deur gebruik van kommunikasie in alle taalmediums. Verdeling van inligting moet gebaseer word op erkenning van belangrikheid in van “onder-boontoe” kommunikasie, eerder as van “bo-ondertoe” kommunikasie. Inligting moet beskikbaar wees om gemeenskaps prosesse te laat intree, eerder as om tyd termyne/tydgrense te stipuleer. Verskillende tipe advertering moet die publiek bereik, eerder as net die afmerking van inligtings boksies.

Deelneming moet bevorder word deur hoe inligting deur amptenare en gemeenskappe verdeel en verken word.

Maklik verstaanbare maniere om die Stad te kontak - bv. 'n toegangspunt moet in ooreenstemming wees met die Stad se “Oop Data” beleid. Enige kantoor/struktuur wat ingestel is om uitvloeiing van inligting te fasiliteer, moet bevoeg wees om sy mandaat te verwesenlik. Sonder inklusiwiteit gaan ons nie sosiale reg, herverdeling en waardigheid volbring nie.

Die Stad het nie alleenlik die plig om toegang tot data gegewens oor hul aktiwiteite beskikbaar te stel aan almal nie. Monitoring- en evalueringsverslae behoort ook beskikbaar te wees. Die metodologie en kriteria wat gebruik word vir evaluering moet deel wees van 'n deelnemings proses.

Omdat die **stadsbegroting** baie belangrik is vir ontwikkeling, fokus ons veral op deelneming wat verband hou en saamhang

met begrotings: Om publieke deelneming in die stadsbegrotingsproses en -besluite te bevorder, moet die bylae 'n dokument (bv. 'n stadsbegroting riglyn) opstel wat die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en die stadsbegroting brug. Sulke dokument moet definieer hoe die stadsbegroting verdeel word deur gradeerde Kategorieë, wat 'n aanwyser/gids is vir elke katagorie en bepaal hoe projekte geselekteer is vir implementering.

Die deelnemingsproses vir stadsbegroting moet soos volg dien:

- Sterk en ooreenstemmend wees met betekenisvolle publieke deelneming
- Duidelik en spoedige toegang tot inligting tot stand bring
- Onderhewig wees aan ouditeur-generaal hersiening
- Oop vir monitering deur die burgerlike samelewing (Insluitend Universiteite, NRO's / NWO's, burger- en gemeenskapsorganisasies).

### **Prestasiebeoordeling en posbeskrywings van**

**staatsamptenare:** Die verordening moet bepaal hoe publieke deelneming 'n deel word van die Prestasie-beoordeling vir **openbare/publieke** amptenare, aanvanklik van Munisipale Bestuur en ander Senior bestuurs, en wat spesifieke mandate en doelwitte vir elke funksie voorskryf. Dit behoort uit 'n vroeë stadium 'n spesifieke mandaat van die Hoof Finansiële Beampte te wees om inligting te ontwikkel wat toeganklik en verstaanbaar is deur die publiek en om deur die konsep van munisipale begroting, 'n program te ontwikkel om staatsdiens organisasies en die publiek te betrek by bespreking van die begroting. Die verordening moet erken dat munisipale amptenare bewaarders is van burger bydrae/aalmoes om die publiek bevredigend te dien.

### **E. 'N PRO RATA/PROPORSIONELE BEGROTING EN DEELNAME HULPBRONNE**

Die hoofsaak van die Stad is om die gemeenskaps huis vir publiek te wees, die Stadsbegroting vir hierdie verpligting, moet klop met die beleid. Die omvang van die begroting bepaal of publieke deelname 'n fundamentele faset van die

Stad is, of hetsy dit 'n algemene verklaring sonder konkrete toepassing is.

Gevolglik is dit nodig om in die munisipale verordening, die prinsipe in te sluit dat elke projek en elke aktiwiteit wat deur die munisipale bestuur uitgevoer word, voldoende koste van publieke deelneming en verwante prosesse, aanheg.

## **F. DEMOKRATIESE WYK BESTUUR/ BEHEER**

Tans is die vermoë en mag van afsonderlike wykstrukture beperk, en begrotings is gebrekkig. Die wortel van die probleem is dat die stelsel nie verseker dat raadslede aan hul kiesers aanspreeklik is nie. Die bywet moet verseker dat Wyksraad vergaderings kwessies prioritiseer, en dat aktiewe geskikte mense, deur middel van hul identiteit/burgerskap, ondemokratiese, ondeursigtige prosesse, kan voorkom.

In hierdie konteks moet twee beginsels in die regulasie voorgestel word. Die eerste is prioritisering van publieke deelneming in die wykstelsel met toestemming van die munisipale raadgewer.

Tweedens, die beginsel van eenheid en gelykmatigheid op stadvlak. Deur solidariteit, bedoel ons wedersydse ondersteuning in 'n gemeenskaplike belang; Deur ekwiteit, werk ons om ongelykheid te oorkom/voorkom, byvoorbeeld, alleenlik ryker gebiede het ekonomiese en menslike hulpbronne om aksies en projekte te onderneem, terwyl gebiede met inferieure hulpbronne en histories benadeelde areas, verswak, negatief afdraai en agteruitgaan.

Daar hoort 'n beginsel van verspreiding van hulpbronne wees, asook 'n eweredige verdeling van ondersteuning en samewerking.

Vir 'n groot en komplekse moederstad soos die Stad Kaapstad is dit nodig om 'n publieke deelnemings debat te hou oor wat die beste maatstawe sou wees om die verskillende probleme aan te pak.

Daar is geen regte antwoorde op hierdie probleem nie.



Baie stede oor die hele aarde/wêreld het dieselfde onsekerheid.

Dit sal van waarde wees as die Stad 'n uitwisseling en vergelykings aksie met die binneland en die buiteland begin.

### **G. MINIMISERING VAN KONFLIK EN DIE GEVOLGE**

Die Stad is daar om die mense van Kaapstad te dien. Dis onvermydelik dat sommige mense, groepe en ander belanghebbendes private belange het, wat beteken dat hulle voordelig beïnvloed kan word uit publieke deelneming besluite/beslissing. Dis belangrik om te verseker dat verskille en dispute nie versteek word nie en uitdruklik bestuur word om negatiewe resultate in te perk.

Die verordening moet deelnemingsprosesse skep wat die potensiaal vir botsende belange (cOi - conflicts of interest) beperk en wat besluitnemingsprosesse tot die oorsig bring - deur deursigtigheid en toegang tot inligting; en d.m.v. gemeenskaps ouditering.

### **H. INTERSEKTORALE AKSIE**

Daar is baie obstruksie in die wyse waarop dienste gelever en projekte beplan word, wat impakteer op ekwiteit, en publieke deelneming word bemoeilik.

Die verordening moet deelneming naatloos teen mekaar laat kom, sektore en wyke aanspreek en dié struikelblokke in die gemeenskappe teëwerk en beëindig.

Eerste konsep - 23 Oktober 2017